higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3

(11011043)

13 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 11 bladsye.

158Q1N2413

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die fisieke omgewing sluit wetgewing en regulasies in.

1.1.2 Verskaffers voorsien die dinge wat benodig word om die onderneming suksesvol te bedryf.

1.1.3 Pond sterling is die amptelike geldeenheid van die Verenigde Koninkryk.

1.1.4 Inflasie word nie deur aanbod en vraag geraak nie.

1.1.5 Die Rugbywêreldbeker is 'n voorbeeld van 'n mega-geleentheid.

1.1.6 Die Coca-Cola Dome is 'n geleentheidslokaal geleë in Durban.

1.1.7 Internasionale grense word gewoonlik met 'n dik rooi lyn op 'n kaart aangedui.

1.1.8 Onbeperkte tarief is 'n tarief wat per dag sonder enige kilometerheffing gevra word.

1.1.9 Kosjer voedsel word deur mense van die Moslemgeloof geëet.

1.1.10 Europese plan sluit akkommodasie met maaltye in.


(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 Bestudeer die foto's hier onder van 'n tipe tegnologie wat in die toerismebedryf gebruik word en identifiseer die tegnologie.

(a)



(b)



(2)

1.2.2 Stel TWEE dinge voor waarvoor 'n reisagent die tipes tegnologie in VRAAG 1.2.1 kan gebruik. (2 × 2) (4)

1.2.3 Gee VIER ander tipes tegnologie wat in toerisme gebruik word. (4)

1.2.4 In tabelformaat, noem VYF voordele en nadele van die gebruik van tegnologie in toerisme. (10)

1.3 Voltooi die tabel hier onder oor die verskillende feeste wat in Suid-Afrika gehou word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

NAAM VAN DIE FEES	**DORP/STAD WAAR DIT GEHOU WORD**	**BESKRYWING VAN DIE FEES**
1.3.1	1.3.2	Kaapse Klopse paradeer in die strate met kleurvolle klere, terwyl hulle sing en dans.
1.3.3	Grahamstad (Makhanda)	1.3.4
Maroelafees	1.3.5	1.3.6
1.3.7	1.3.8	Die jaarlikse Suid-Afrikaanse Kaasfees in April
J&B Met	1.3.9	1.3.10

(10)
[40]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Hierdie tegnologie maak dit vir ondernemings moontlik om kommunikasie van aangesig tot aangesig te hê met ander ondernemings, hul werknemers en kliënte oral ter wêreld.

A Videokonferensies
B Telefoon
C Internet
D Telekonferensies

2.1.2 Kos wat volgens Joodse gebruik voorberei word, staan bekend as ...

A ontbyt.
B kosjer voedsel.
C halaal voedsel.
D seekos.

2.1.3 Dui aan watter EEN van die volgende aspekte NIE op ’n motorverhuringspakket betrekking het nie:

A Die klas voertuig wat gehuur gaan word
B Die huurtydperk
C Die tipe versekering
D Die geslag van die bestuurder



2.1.4 Die geldeenheid wat in Japan gebruik word:

A ¥
B €
C £
D $

2.1.5 Werknemers in die toerismebedryf behoort bewus te wees van godsdienstige vereistes. Hindoes word verbied om ... te eet.



A vleis
B vis
C eiers
D Al die bostaande

2.1.6 Versekering wat deur die huurder van ’n voertuig uitgeneem word om te verseker dat dit gedek is as die voertuig gesteel sou word:

A PAI
B TLW
C WDW
D CDW

2.1.7 ’n Kultuurfees wat in die Oos-Kaap gehou word wat groot getalle binnelandse toeriste lok:

A Maroelafees
B Aardklop Kunstefees
C Nasionale Kunstefees
D Woodstock Musiekfees

2.1.8 ’n Voorbeeld van ’n politieke situasie wat ’n effek op toerisme kan hê:

A Siektes
B Aardbewings
C Tsoenami’s
D Burgeroorloë



2.1.9 Die Kaapse Fietstoer, een van die wêreld se grootste fietswedrenne, is ’n voorbeeld van ’n ... geleentheid.

A godsdienstige
B wêreldwye
C handels-
D konferensie-

Kopiereg voorbehou

2.1.10 By die Toerisme-indaba sal besoekers verwag om die volgende te sien:



A Die Nasionale Toerismeloopbane-ekspo
B Nasionale Mielieprodusente-organisasie
C Toerismeowerhede van Europese lande
D Provinsiale toerismeprodukte van Suid-Afrika

(10 × 1) (10)

2.2 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

Styging in toeristegetalle aan Suid-Afrika

27 Julie 2023

Suid-Afrika se toerismesektor herstel steeds sterk. Volgens die jongste data van Statistieke Suid-Afrika het meer as vier miljoen toeriste in die eerste helfte van 2023 in die land aangekom. Dit is ’n beduidende toename van die 2,3 miljoen toeriste wat tussen Januarie en Junie 2022 die land binnegekom het.



Die totale getal toeriste wat Suid-Afrika tussen Januarie en Junie 2023 binnegekom het, dui op ’n 78.2%-toename in die eerste helfte van 2023 in vergelyking met dieselfde tydperk in 2022.

Daar was ook ’n aansienlike toename in al die streke in dieselfde tydperk. Hoewel die huidige groei op tekens van herstel dui, is ons steeds net op 80% van ons pre-pandemievermoë werksaam. In 2019 het Suid-Afrika meer as vyf miljoen toeriste tussen Januarie en Junie verwelkom.

Deur middel van verskeie toerismebemarkingstrategieë gaan Suid-Afrika voort om reisigers wêreldwyd uit te nooi om ons diverse landskappe, ryk kultuurerfenis, unieke natuurlewe en oop ruimtes te verken. Hierdie buitengewone getalle illustreer Suid-Afrika se onteenseglike aantrekkingskrag en die blywende uitwerking wat dit op reisigers het.

Uitgereik deur: Departement van Toerisme: Navrae: Zara Nicholson
Mediaskakelbeampte

[Vertaal uit: *Departement van Toerisme*]

2.2.1 Uit die uittreksel, identifiseer die aantal toeriste wat Suid-Afrika tussen Januarie en Junie 2023 binnegekom het. (1)

2.2.2 Watter strategie word deur die Nasionale Departement van Toerisme gebruik om toerisme in Suid-Afrika te laat groei? (2)



2.2.3 Hoe sal ’n toename in toeriste positief tot die ekonomie van Suid-Afrika bydra? (5 × 2) (10)

2.2.4 Verduidelik die gevolge van ekonomiese groei in ’n land. (2)

2.2.5 Die huidige groei in toeristegetalle dui op herstel ná die Covid-19-pandemie. (10)

☆ Hoe het die Covid-19-pandemie toerismegroei in Suid-Afrika beïnvloed? Gee enige VYF voorbeelde. (5 × 2)

2.2.6 Hier onder is aktuele sake en politieke situasies wat op 'n wêreldwye skaal plaasgevind het.

A Zimbabwe 2023 presidensiële verkiesing
B FIFA-wêreldbekertoernooi vir vroue in Sydney, Australië
C Selfmoordbomaanvalle in Pakistan
D Rugbywêreldbeker in Frankryk
E Tropiese sikloon Freddy in Mosambiek ☆

Rangskik die bostaande volgens die volgende kategorieë:
Politieke situasie, Onvoorsiene voorval en Megasportgeleentheid
Skryf slegs die letter en die korrekte antwoord.
Voorbeeld: F ─ politieke situasie (5)
[40]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A─L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	tbcsa Tourism Business Council of South Africa one voice for tourism	A	'n Vereniging sonder winsoogmerk wat die belange van die Suid-Afrikaanse reisagente verteenwoordig
3.1.2	TOURISM GRADING COUNCIL	B	'n Organisasie sonder winsoogmerk wat volhoubare toerismeontwikkeling bevorder. Moedig billike en verantwoordelike sakepraktyk deur toerismeondernemings in Suid-Afrika aan en maak reklame daarvoor
3.1.3	SAVRALA	C	Niewinsgewende lidgedrewe vereniging wat KMMO-groei bevorder. Dit is toegewyd om meer inligting te gee aan entrepreneurs wat die toerismebedryf wil betree.
3.1.4	ASATA ASSOCIATION OF SA TRAVEL AGENTS	D	Verantwoordelik vir onafhanklike gradering van toerismeondernemings
☆			

KOLOM A	KOLOM B
1.3.5 ☆ 	E Amptelike sambreelorganisasie en die stem van die sakesektor wat by die toerismebedryf betrokke is
1.3.6 	F Handelsvereniging wat Suider-Afrika se gekombineerde voertuighuur, -verhuring en -vlootbestuur verteenwoordig
1.3.7 	G Inligtingsentrum
1.3.8 	H Kaapse Klopse-karnaval in Kaapstad
1.3.9 	I Misdaadvoorkoming
1.3.10 	J Tafelbergse kabelkar
	K Ligvertrek ☆
	L Vuurtoring

(10 × 1)

3.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 Dit is (UNESCO/SAEHA) se verantwoordelikheid om Wêrelderfenisterreine in ’n land te verklaar. ☆

3.2.2 Die Mapungubwe-kultuurlandskap is in (Limpopo/Noordwes) geleë.

3.2.3 Die Vredefortkoepel het ontstaan uit die impak van ’n (meteoriet-/mynbou-) ontploffing.

3.2.4 Die (iSimangaliso-vleilandpark/Richtersveld-kultuurlandskap) voldoen aan die kriterium dat dit 'n lewende erfenis van die Nama-mense is.

3.2.5 Robbeneiland is tot 'n Wêrelderfenisterrein verklaar omdat dit Nelson Mandela se (aftreeoord/politieke gevangenis) was.

(5 × 1) (5)

3.3

Budget®
Car and Truck Rental

Sarah Lion wil 'n voertuig by Budget-motorverhuringsmaatskappy huur. Sy het besluit om 'n Toyota Corolla te huur.





Huurbesonderhede: Afhaalpunt:
6 Oktober 2023
08:30
OR Internasionale Lughawe

Versekeringstipes: SCDW,STLW, PAI

Uitsluiting: Brandstof, versekeringbybetaling p/d (R2 640), windskermskade, water- of bandskade.

Aflaaipunt:
8 Oktober 2023
08:30
OR Internasionale Lughawe

[Vertaal uit*: https://www.bing.com/images/search-Budget Car Rental*]

3.3.1 Identifiseer die dokumente wat Sarah moet voorlê wanneer sy die voertuig afhaal. (2)

3.3.2 Verduidelik die volgende versekeringstipes wat hier bo genoem word:

A SCDW
B STLW
C PAI

(3 × 2) (6)

3.3.3 Verduidelik wat bedoel word met die term *versekering bybetaling* ('*insurance excess*'). (2)

3.3.4 Verduidelik die volgende aan Sarah:

(a) Die wetlik aanvaarbare vlak van alkohol in 'n persoon se bloed as hy/sy bestuur (2)

(b) DRIE verskillende spoedbeperkings op Suid-Afrikaanse paaie. (5)

3.4





Behalwe die waarskuwings in die grafika hier bo, noem VYF ander veiligheidsriglyne wat toeriste kan volg om te verhoed dat hulle slagoffers van kapings word. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

4.1 Mnr Reuben bedryf 'n toerismeonderneming as 'n alleenhandelaar in die dorp Graskop in Mpumalanga. Mnr Reuben se onderneming bied begeleide toere aan vir toeriste wat die gebied besoek.

4.1.1 Verduidelik watter tipe onderneming 'n alleenhandelaar is. (2)

4.1.2 Watter voordele hou dit in om 'n onderneming as 'n alleenhandelaar te vestig? (5 × 2) (10)

4.1.3 Dui in tabelformaat die verskille tussen 'n vennootskap en 'n alleenhandelaar aan. (10)

4.2 Nakoming van arbeidswette: Alle ondernemings, insluitend toerismeondernemings, moet aan wetgewing voldoen.

Verduidelik aan mnr Reuben die doel van die volgende wette:

(a) Wet op Basiese Diensvoorwaardes
(b) Wet op Diensbillikheid
(c) Wet op Arbeidsverhoudinge
(d) Wet op Vaardigheidsontwikkeling (4 × 2) (8)

4.3 Noem VYF natuurlike attraksies in Mpumalanga wat deel van die fisieke omgewing uitmaak. (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende konsepte:

5.1.1 Plaaslike geldeenheid

5.1.2 Buitelandse geldeenheid

3.1.3 Wisselkoers ☆ (3 × 2) (6)

5.2 Mnr Ronnel Jones van Mahikeng gaan in die VSA vakansie hou.

Noem die buitelandse valuta wat mnr Jones vir sy vakansie sal koop. (1)

5.3 Noem VIER plekke waar reisigers buitelandse valuta kan bekom. (4)

5.4 Statistieke Suid-Afrika het Woensdag 18 Oktober 2023 die jongste VPI-data gepubliseer, wat 'n beduidende sprong in oorkoepelende inflasie aandui: van 4.6% in Augustus tot 5.4% in September.

[Vertaal uit: *https://businesstech.co.za/news/finance*.]

5.4.1 Verduidelik wat die term *inflasie* beteken en gee 'n voorbeeld. (2)

5.4.2 Watter uitwerking het inflasie op die reisgedrag en voorkeure van toeriste? (4)

☆ 5.4.3 Hoe kan toerismeondernemings die negatiewe gevolge van inflasie beheer? (3 × 2) (6)

5.4.4 Rentekoerse is onlangs verhoog. Verduidelik watter invloed dit op die toerismebedryf het. (2 × 2) (4)

5.4.5 Noem DRIE ander ekonomiese faktore (nie rentekoerse nie) wat 'n invloed op toerisme kan hê. (3)

5.5 Suid-Afrika is jaarliks die gasheer van honderde geleenthede.

Identifiseer die dorp en die provinsie waarin die volgende groot geleenthede jaarliks plaasvind:

5.5.1 Die Old Mutual Twee Oseane-marathon

5.5.2 Knysna se Oesterfees

5.5.3 Oos-Randse Motorskou ☆

5.5.4 Standard Bank Joy of Jazz

5.5.5 Die Grahamstadse Nasionale Kunstefees

(5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou